**6 November**
**Skrifgedeelte: Matteus 26:36-56**
**Fokusgedeelte: Matteus 26:47a**

Al vier die evangelies vermeld pertinent dat Judas een van die twaalf apostels was. Jesus het met opset twaalf apostels geroep, want dit herinner aan die twaalf stamme van Israel in die Ou Testament. In die Nuwe Testament word hierdie geestelike familievorming as die volk van God met die twaalf apostels voortgesit. Soos wat die Here sy kerk in die Ou Testament op die twaalf patriarge gebou het, gaan Hy sy Nuwe-Testamentiese kerk op die twaalf apostels bou. Die vermelding "Judas, een van die twaalf" laat 'n mens iets peil van die smart en lyde van ons Middelaar, want juis een van hierdie twaalf sou Hom verraai. Judas verraai Jesus onder die aanhitsing van Satan. Die twaalf word elf – Satan het die getal gebreek. Sonde breek God se ordening en bring disharmonie. God se volk is mank geslaan, die sonde het skeiding gebring.
Maar Jesus het aan die kruis op Golgota gesterf om herstel te bring! Sy lyde is Middelaarslyde en sy sterwe Middelaarsterwe. Deur sy werk kon die elf weer twaalf word. God het vir Hom 'n ander apostel geroep. Daar moes herstel kom sodat die getal van God se volk vol sal wees – geeneen mag ontbreek nie. Satan mag hierdie getal nie versteur nie, want niemand sal God se uitverkore kind uit sy hand ruk nie. Hierdie werk van Jesus roep ook 'n ander gebeurtenis op waar Satan ook God se orde probeer verbreek het: As Petrus Jesus verloën en later opregte berou toon, herstel Jesus hom ten volle in sy amp as apostel – God se getal bly vol.
Ons beleef ook daagliks hoedat Satan God se orde en getal probeer ontwrig. Hoe kan ons as swakke mense weerstand teen Satan bied en die geloof behou? Deur die krag wat die Heilige Gees ons gee om die kruis van Jesus Christus bo alles te sien uitstyg, want juis dit is ons waarborg dat die poorte van die hel ons as die volk van God nie sal oorweldig nie! Danksy Jesus se herstelwerk het die stad van God twaalf poorte en twaalf fondamente met die name van die twaalf apostels daarop! Nie elf nie, maar twaalf! Ja, al God se kinders sal daar verskyn.
*Sing: Psalm 91:1,8 Ds AB van der Walt (Kuruman)*